

Die oorsprong van die advokaatsberoep



Bertus Bergenthuin

Bertus Bergenthuin
Pretoriase Balie

INDIEN gevra sou word wie die eerste persoon in die geskiedenis was wat die titel “advokaat” soos dit vandag in Suid-Afrika gebruik word, waardig sou wees, sou die vraag maklik beantwoord kon word. Dit sou ’n jong man wees¹ wat vroegoggend gedurende die Romeinse Republikeinse tydperk (510 vC tot 27 vC), maar na alle waarskynlik na 200 vC gereed sou maak om tydens die *salutatio* met sy kliënte te konsulteer namens wie hy op die betrokke dag sal verskyn voor die hof van sy dag. Alhoewel die klassestryd tussen die adel (*patricii*) en die volk (*plebeii*) op daardie stadium reeds die reg meer toeganklik sou maak, deurdat daar onder andere beslag gegee is aan die *Lex XII Tabularum*, en die eerste plebeïese *pontifex maximus*² die reg vanuit die waas van die godsdienstige openbaar begin maak het, sou ons advokaat tog hoë aansien in die gemeenskap geniet en ’n lid van die adel wees. Die twaalf tafels is aan hom goed bekend, en die formele prosedures van die vroegste Romeinse reg³. Kennis van die Romeinse regs wetenskap, alhoewel nog in sy kinderskoene, het hy laat nagte by sy olielamp opgedoen. Hy is goed onderlê in die retoriek, en beoefen sy beroep sonder enige winsmotief⁴.

Bogemelde uitgangspunt sou waar wees indien aanvaar word dat die begrip advokaat aanduidend is van iemand met ’n grondliggende kennis van die reg, wat

ook sy woord gestand kan doen⁵. In die gees van die tyd, moet daar onmiddellik toegegee word dat twee vroue, Amasia en Hortensia, volgens oorlewering in Romeinse tye beskuldigdes met onderskeiding verdedig het. Valerius Maximus se vertelling van Phrania, wat die regters deur haar karakter en taalgebruik so geskok het dat sy verbied is om in openbare plekke rede te voer, beklemtoon verder dat die eerste advokaat ook ’n vrou kon wees.

Daar word met verwysing na die advokaatsberoep as een van die oudste

professionele beroepe verwys na “advokate” wat reeds voor die sesde eeu vC in Babelonië en in Egipte bedrywig was⁶. In Egipte was daar klaarblyklik ’n verbod geplaas op “advokate” om *viva voce* te pleit, vanweë die vrees dat die hof deur patos, kalmte, trane of gebare van stryk af gebring mag word. Argumentshoofde moes derhalwe vanaf die ontstaan van skrif, ingehandig word. In Griekeland het daar in die sesde eeu vC ’n “juridiese vereniging” bestaan wat onder andere reëls neergelê het wat slawe, persone wat hul ouers nie >



“...wat die regters deur haar karakter en taalgebruik so geskok het...”



“...die hof deur patos, kalmte, trane of gebare van stryk gebring mag word.”

sou respekteer nie, persone wat nie ter verdediging van hul land wou veg nie, asook diesulkes wat in plekke van afkeur gesien is of uitspattig gelewe het, verbied het om namens andere te argumenteer. Die Romeinse reg tydens die Republikeinse tydperk het ook die *cognitor* en *procurator* as regsverteenvoerders erken, maar in beide gevalle het die verteenwoordiger in die plek van die kliënt getree⁷. Die advokaat wat nie alleen ’n grondige kennis van die regswetenskap het nie, maar ook namens sy kliënt rede voer, het derhalwe eers beslag gekry in die Romeinse juris, wat nie alleen die regswetenskap bestudeer het nie, maar ook bereid was om namens sy kliënt te pleit. Daar was vele juriste gedurende die tydperk van die Republiek, en veral daarna, wat hulle suiwer sou toespits op die regswetenskap, sonder om in die openbaar te betoog. Met hulle grondige kennis sou sodanige juriste nie alleen

kliënte nie, maar ook die *praetor* adviseer, en self tydens ’n verhoor die orator wat namens die kliënt betoog met raad bedien. Andersyds was daar oratore, onderlê in die retoriek, maar leke op regsgebied.⁸ Nóg eersgenoemdes, nóg laasgenoemdes sou stellig die hedendaagse titel advokaat waardig wees, alhoewel daar in Romeinse tyd gesê kan word dat hulle opgeroep is (*ad vocare*) om ’n kliënt by te staan.

Daar was tog sedert ongeveer 200vC juriste in die Romeinse Ryk, hoofsaaklik te Rome, wat ook aan openbare betoog in die howe deelgeneem het. Formele regsskole soos in die na-klassieke reg het nie bestaan om opleiding te gee nie. In die algemeen kan die funksie van elke individuele advokaat egter opgesom word as *agere, cavere, respondere, docere, scribere*⁹. Die juris sou derhalwe nie alleen sy *cliens* van regsadvies bedien, formele dokumente opstel en betoog namens die kliënt nie, maar sou ook sy ondervinding deel met ’n pupil wat hy onder sy vlerk sou neem deur daaglik aan die hand van sy praktyk die pupil in te lig. Cicero het reeds teen dagbreek vir sy 84-jarige leermeester, Quintus Mucius Scaevola, gewag vir konsultasie tydens die eerste twee ure van die dag, voordat hy vanaf die derde uur sou betoog. Die *clientes* het by die advokaat se huis aangedoen vir konsultasie, waarna die *via sacra* te Rome hulle sou lei na die *Basilica Julia* geleë in die forum aan die voet van die Kapitolynse heuwel, waar verhoor deur lekeregters waargeneem is. In die howe het waterhorlosies stiptelik tye neergelê vir betoog deur eisers en verweerders. Volgens voorskrif kon die howe nie voor dagbreek of na sonsondergang sit nie. Gebruiklik was egter sittings vanaf die derde tot die tiende uur (08:00 - 16:00). Anders as lede van die hoër sosiale klasse, het die besige advokaat sy middagslapie (*meridiatio*) opgeoffer ter wille van sy beroep.

Die juris het reeds in die Romeinse Republikeinse tyd, maar veral gedurende die Keisertydperk vanaf 27 vC opinies verskaf wat vervat was in *responsa*. Vanaf Augustus het keisers die *responsa* van bepaalde juriste met afsonderlike waardes beklee, tot so ’n

mate dat lekeregters weinig keuse gehad het anders as om die *responsa* van bepaalde juriste te eerbiedig¹⁰. Aldus sou die juris deur sy opinie reg kon skep. ’n Groot aantal juriste sou hulle egter beperk tot die funksie van *respondere*, en sou hulle *responsa* aanbied aan die litigerende orator om feitlik as getuieis voor die hof aangebied te word. Dit moet duidelik wees dat slegs die orator, wat ook op sy eie *responsa* kon staatmaak in die hof, met die moderne benaming van advokaat beklee kon word.

Hofoptrede van die advokaat in die Romeinse reg is gekenmerk deur voorskrifte van retoriek, wat nie slegs by uitsondering oorgegaan het in melodrama nie. Die ernstige advokaat sou Quintilianus se raad volg om sy toga op voorgeskrewe wyse te dra, met linkerarm gehou teen so ’n hoek dat ’n reghoek by die elmboog gevorm word, sodat die soom eweredig hang¹¹. Dit was



“...wanneer die sweet op die advokaat se voorhoof uitslaan ... die toga geleidelik tot op die grond laat val word.”

aanvaarbaar dat teen die einde van betoog, wanneer die sweet op die advokaat se voorhoof uitslaan en tekens van moegheid hom oorspoel, die toga geleidelik tot op die grond laat val word. Ondersteuners om 'n advokaat aan te moedig, was aan die orde van die dag, en sugte, trane en die rondswaai van 'n bebloede swaard deur ondersteuners het dramatiese effek aan verhoor verleen. Cicero self het by geleentheid sy betoog gevoer met 'n baba in sy arms, terwyl 'n kleuterseun wat veronderstel was om te snik en te ween oor sy oorlede vader, se antwoord op die advokaat se vraag waarom hy huil, stellig die opponent se saak versterk het. "My meester knyp my", het die seun gesê.

Die feit dat geen vergoeding betaalbaar was aan advokate in die Romeinse tydperk nie, is welbekend. Wetgewing waarin hierdie beginsel beslag gekry het, is reeds in 204vC neergelê, en daarna herhaaldelik bevestig¹². In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat die advokate juis kapitaalkragtige mense was, uit hoofde van die stand waaruit hul gekom het. Die feit dat hulle nie fooie kon verdien nie, het uit die aard van die saak nie ook skenkings verbied nie. Selfs die *Satirikus Juvenalis* het die voorkeur van bekende advokate om op te tree namens ryk en kinderlose kliënte, met die oog op 'n latere erflating, as algemene gebruik bestempel¹³. Die vooraanstaande advokate, Cicero, Crassus en Hortensius, aldrie met weelderige wonings op die Palatynse Heuwel, is dan ook gereken onder die rykes.

Die afleiding is onvermydelik: Advokate, volgens die hedendaagse opvatting, het vanaf die tweede helfte van die Republikeinse tydperk bestaan. Wie die eerste advokaat was? Dit sou voorbarig wees om hom of haar by die naam te noem. Daar kan volstaan word deur




"My meester knyp my", het die seun gesê.

te sê dat daardie advokaat in wie die *eloquentia* en *sapientia* waarvoor onderskeidelik die Romeinse orator en die Romeinse juris bekendheid verwerf het, bymekaar gekom het, met die louere kan wegstap.

Voetnote

- 1 Cicero het op 16, Crassus op 18 en Julius Caesar op 20 hul eerste groot sake hanteer. Vgl Cicero *Brutus* XLVIII op 177; Cicero *Orator* LXXII 252.
- 2 Coruncianus, wat in 252vC as eerste van sy klas aangestel is as *pontifex maximus*. Vgl *Digesta* 1.2.2.35 tot 38.

- 3 Die *actiones legis*-prosedure.
- 4 Cicero *De Officiis* 2.65.
- 5 Cicero se omskrywing van Sextus Aelius in *Brutus* LXXVIII: "iuris quidem civilis peritissimus, sed etiam ad dicendum paratus."
- 6 1918 *SALJ* 328.
- 7 Gaius *Institutiones* 4.83.
- 8 Schulz *History of Roman Legal Science* 53 e.v.
- 9 Cicero *Pro Murena* Cap 9.
- 10 Gaius *Institutiones* 1.7; *Digesta* D 1.2.3.48-50.
- 11 Quintilianus XI III 139.
- 12 Crook JA *Law and Life of Rome* 90.
- 13 Horatius *Satires* 11.5.21. 

DIARY: IBA Section on Business Law & Section on General Practice 1997 Conference 2 to 7 November 1997, New Delhi, India

The above-mentioned conference will be taking place later this year and the range of topics covered is vast, ranging from problems involved with litigation, arbitration, intellectual property, telecommunications, human rights, environmental liability, practice management, and miscarriages of justice, to judicial education. The working language of the conference is English.

More information may be obtained from the GCB Secretariat in Johannesburg.

Tel: (011) 336-3976/337-4498 or fax: (011) 336-8970